| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |
| **ADDENDUM** | |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A

## VRAAG 1: HOE HET DIE EINDE VAN DIE TWEEDE WêRELDOORLOG DIE VERHOUDING TUSSEN DIE VSA EN DIE USSR NA 1945 VERANDER?

### BRON 1A

Die uittreksel is van die boek, *Alliance: The inside Story of How Roosevelt, Stalin and Churchill won one war and began another* deur Jonathan Fenby gepubliseer in 2008.

Toe het drie mans, wat die grootste konflik in die menslike geskiedenis gewen het en die wêreld vir ’n halfeeu daarna gevorm het, van die begin af geweet hulle kan dit nie bekostig om te misluk nie. Sodra totale oorlog deur die Asmoondhede aan hulle opgedwing is, was geen kompromie moontlik nie. Oorwinning oor ‘Hitler se bende’ in Europa en die Imperiale Weg in Asië moes totaal wees. “As hulle ’n uitwissingsoorlog (doodmaak van hul groep mense) wil hê, sal hulle een kry”, het Stalin gesê.

Die konflik was meer wyd uiteinlopend as die Eerste Wêreldoorlog en het gestrek van die Atlantiese Oseaan en die Stille Oseaan, deur Europa en Asië, vanaf die Arktiese gebied tot in Noord-Afrika. Meer as 50 miljoen mense het gesterf in 2174 dae van gevegte tussen 1939 en 1945 – baie ander het vroeër gesterf tydens Japan se inval in China wat in 1931 begin het. Massamoord op burgerlikes is aan alle kante as vanselfsprekend aanvaar – die helfte van die 36 miljoen mense wat in Europa gesterf het, was nie-vegters, en Chinese burgerlike slagoffers het tot miljoene beloop. Al was daar bittere en bloedige hand-teen-hand-gevegte, is dood en verwoesting dikwels aangerig deur manne wat nie eens diegene gesien het wat hulle doodgemaak het nie, vanuit die lug of deur artillerie. Hiroshima en Nagasaki was logiese uitbreidings van die Londen Blits. Benewens die verlies aan menselewens, het die konflik enorme materiële verwoesting gebring; Noord-Amerika het skade vrygespring, maar groot dele van Duitsland en Japan is gelykgemaak, terwyl ’n kwart van die Sowjetunie se kapitaalbates (waardevolle goed) vernietig is.

[Bron: *Alliance: The Inside Story of How Roosevelt, Stalin and Churchill won one war and began another* deur Jonathan Fenby. Toegang verkry op 14 Oktober 2024]

**BRON 1B**

Onderstaande is ’n uittreksel genoem “Origins of the Cold War”, geneem uit ’n artikel, *The Cold War 1945 – 1989* gepubliseer op 7 Julie 2016. Dit verduidelik hoe die Koue Oorlog ontwikkel het na die Tweede Wêreldoorlog.

Die Koue Oorlog het ontwikkel toe verskille oor die vorm van die wêreld na die oorlog wantroue en agterdog tussen die Verenigde State en die Sowjetunie geskep het. Die eerste – en moeilikste – toetsgeval was Pole, waarvan die oostelike helfte in 1939 deur die USSR binnegeval en beset is.

Moskou het ’n regering geëis wat onderhewig was aan Sowjet-invloed; Washington het ’n meer onafhanklike, verteenwoordigende regering volgens die Westerse model verlang. By die Jalta-konferensie van Februarie 1945 het ’n ooreenkoms oor Oos-Europa opgelewer wat oop was vir verskillende interpretasies. Dit het ’n belofte van “vrye en onbelemmerde” verkiesings ingesluit.

Toe hy minder as twee weke nadat hy president geword het met die Sowjet-minister van Buitelandse Sake, Vyacheslav Molotov, ontmoet het, het Truman vasgestaan op Poolse selfbeskikking en die Sowjet-diplomaat toegespreek oor die noodsaaklikheid om die Jalta-ooreenkomste uit te voer. Toe Molotov protesteer, “Ek is nog nooit in my lewe so aangespreek nie”, het Truman geantwoord, “Voer julle ooreenkomste uit, dan sal julle nie so aangespreek word nie”. Vanaf daardie punt het verhoudings begin versleg.

Gedurende die laaste maande van die Tweede Wêreldoorlog het Sowjet-militêre magte die hele Sentraal-Europa beset. Moskou het sy militêre mag gebruik om die pogings van die Kommunistiese partye in Oos-Europa te ondersteun.

[Bron: http://www.cvce/eu/obj/the-cold-war,1945 -1989.fulltext. Toegang verkry op 14 Oktober 2024]

**BRON 1C**

Hierdie is 'n spotprent deur J. Berryman genoem: "Sounds Like the Line I Fell for Ten Years Ago" wat in die *Evening Star* koerant van Februarie 20, 1955 verskyn het. Dit beeld uit hoe die VSA die vryheid van die geallieerdes verdedig het teen die kommunistiese bedrogspul om die wapen wedloop te stop.




[Bron: *The Evening Star, Februarie 20, 1955.* Toegang verkry op 20 Oktober 2024]

**VIR VERDEDIGING VAN VRYE WÊRELD**

**RUSLAND ROEP VIR DIE HALT IN DIE INTERNASIONALE WAPENWEDLOOP**

## BRON 1D

Die onderstaande bron is ’n uittreksel van ’n artikel, *The Arms Race and the Space Race – The Cold War Origins 1941 – 1956,* saamgestel deur die Britse Uitsaai Korporasie (BBC). Dit verduidelik die redes waarom ’n wapen- en ruimtewedloop tussen die USSR en die VSA ontstaan het. Dit was uitgesaai in 1959.

Vir ’n lang tyd was die USSR bewus van die moontlikhede van die atoombom. Maar sedert die VSA die atoombom in 1945 op Hiroshima laat val het, was die USSR selfs meer vasbeslote om sy eie kernwapens te ontwikkel. Uiteindelik het hulle daarin geslaag in 1949, en dit het ’n kernwapenwedloop begin, met albei kante wat meegeding het om meer en groter bomme te ontwikkel. Soos die Koue Oorlog verder ontwikkel het, het die teorie van Wedersydse Versekerde Vernietiging (Mutually Assured Destruction – MAD) vorm aangeneem, wat gesê het dat die bestaan van sulke massiewe kernwapens beteken dat ’n toekomstige wêreldoorlog die lewe op aarde kan beëindig.

Hierdie kernwapenwedloop is weerspieël deur ’n soortgelyke kompetisie oor die ruimte en die wedloop na die maan. Die VSA en die USSR was vasgevang in ’n duur stryd om die beste tegnologie te ontwikkel en die mees gevorderde wapens te produseer. Deur so baie wapens bymekaar te maak, het hulle ironies genoeg hul eie veiligheid verseker volgens die MAD-teorie; geen party sou bereid wees om hul wapens te loods nie, omdat hulle geweet het die ander party kan terugveg en hulle ook uitwis.

Die situasie het egter nie gehelp om die verhoudings tussen die twee kante te kalmeer nie, en geen party kon dit bekostig om agter te bly in enige van die wedlope nie. Vir die USSR veral was die koste van die wapenwedloop ’n las wat later in die Koue Oorlog probleme sou veroorsaak.

[Bron: http://www.bbc.co.uk>revision. Toegang verkry op 15 Oktober 2024]

## VRAAG 2: WATTER FAKTORE HET TOT DIE UITBREKING VAN DIE ANGOLESE BURGEROORLOG TUSSEN 1975 EN 1976 BYGEDRA?

### BRON 2A

Die onderstaande bron is ’n artikel *The Angolan Crisis 1974 – 75*, geneem van die internet en opgedateer op 2 Mei 2023. Dit verduidelik die gebeure in Angola onmiddellik na onafhanklikheid van Portugal.

Na ’n suksesvolle militêre staatsgreep (oorname van politieke mag met geweld) in Portugal wat ’n langdurige outoritêre regime op 25 April 1974 omvergewerp het, het die nuwe heersers in Lisabon probeer om die land te ontsê van sy duur koloniale ryk. Die komende onafhanklikheid van een van daardie kolonies, Angola, het gelei tot die Angolese Burgeroorlog wat ’n Koue Oorlog-kompetisie geword het. Die Angolese krisis van 1974–1975 het uiteindelik gelei tot gespanne verhoudings tussen die Verenigde State en die Sowjetunie.

Sedert die 1960’s het drie hoof militêre bewegings vir die onafhanklikheid van Angola geveg. Die Volksbeweging vir die Bevryding van Angola (MPLA) was ’n Marxistiese organisasie gesentreer in die hoofstad, Luanda, en gelei deur Agostinho Neto. Die Nasionale Front vir die Bevryding van Angola (FNLA), gelei deur Holden Roberto, was gebaseer in die noorde van die land en het sterk bande gehad met die VSA bondgenoot Mobutu Sese Seko in die naburige Zaïre. Die Nasionale Unie vir die Totale Onafhanklikheid van Angola (UNITA), ’n uitvloeisel van die FNLA, is gelei deur Jonas Savimbi en is ondersteun deur die land se grootste etniese groep, die Ovimbundu. Na die Portugese staatsgreep het hierdie drie revolusionêre groepe in Januarie 1975 met die verteenwoordigers van die nuwe Portugese regering ontmoet en die Alvor-ooreenkoms onderteken wat Angolese onafhanklikheid toegestaan het en voorsiening gemaak het vir ’n drieledige magsdelende regering.

Vertroue het egter vinnig tussen die drie groepe verbrokkel, en die land het in ’n burgeroorlog verval toe elke groep meegeding (kompeteer) het om alleenmag.

[Bront: http://history.state.gov. Toegang verkry op 18 Oktober 2024]

**BRON 2B**

Die volgende artikel is geneem uit die boek *The First Dance of Freedom* deur M. Meredith, gepubliseer op 8 September 2020. Dit verduidelik die omstandighede waaronder die Alvor-ooreenkoms geteken is deur die drie Angolese bevrydingsbewegings op 15 Januarie 1975.

Onder druk van die OAE is die drie nasionalistiese leiers, Holden Roberto (FNLA), Agostinho Neto (MPLA) en Jonas Savimbi (UNITA), in Januarie 1975 in Kenia bymekaar gebring, waar hulle tot wedersydse erkenning ooreengekom het en ingestem het om onderhandelinge te begin oor die oorgang (verandering) van Portugese bewind na onafhanklikheid. Op 10 Januarie het die onderhandelinge verskuif na die Algarve in Portugal en dit is daar op 15 Januarie afgehandel met ’n skikking bekend as die Alvor-ooreenkoms.

Volgens die Alvor-ooreenkoms moes Angola bestuur word deur ’n koalisieregering saamgestel uit die drie nasionalistiese groepe en die Portugese totdat Onafhanklikheidsdag op 11 November 1975 aanbreek. Verkiesings vir ’n grondwet-gewende vergadering sou in Oktober gehou word. Gedurende die oorgangstydperk sou Portugal ’n leër van 24 000 man in Angola behou. Intussen sou die drie nasionalistiese bewegings elk 8 000 man bydra tot die stigting van ’n nasionale leër.

Die nasionaliste het ook ooreengekom om vanaf Januarie 1975 ’n bevriesing op hul militêre posisies te plaas. Ten tyde van die Alvor-ooreenkoms het die FNLA ’n duidelike militêre voordeel gehad. Dit het oor ’n gewapende mag beskik, geskat op 15 000 troepe, wat relatief goed toegerus was, en is verder ondersteun deur Daniel Chipenda se guerrillaleër, wat uit etlike duisende bestaan het en van die MPLA afgedwaal het. Die MPLA, daarenteen, het ongeveer 3 000 opgeleide guerrillas onder sy bevel gehad, alhoewel hy sy magte vinnig uitgebrei het deur werwing, hoofsaaklik in die Luanda-gebied. UNITA het sterk gewerf onder die Ovimbundu.

Op 31 Januarie 1975 het die nuwe oorgangsregering (tussentydse regering) in ’n klimaat wat deurspek (volop) was van agterdog en wantroue, sy amp aanvaar.

[Bron: *The First Dance of Freedom* deur Martin Meredith. Toegang verkry op 18 Oktober 2024]

**BRON 2C**

Die onderstaande bron is 'n foto van 'n man wat langs een van die Portugese koloniale standbeelde staan wat afgebreek is deur UNITA (Die Nasionale Unie vir die Totale Onafhanklikheid van Angola) gedurende die Burgeroorlog, in Nova Lisboa (Huambo), Angola, 12 November 1975. Die foto is geneem deur Keystone, vir Getty Images.




[Bron: http://www.gettyimages.com/detail/news-photo/man-stands-beside-one-of-the-portuguese-colonial-statues-news-photo/1778243435. Toegang verkry op 26 Oktober 2024]

**BRON 2D**

Hierdie onderstaande uittreksel is geneem uit 'n PhD tesis getiteld *The Angolan Civil War, 1975-1976* deur Fernando Joao da Costa Cabral Anderesen Guimaraes, 1992.

Die onttrekking van Portugese soewereiniteit uit Angola het ook internasionale implikasies gehad. Tot en met die staatsgreep in April het Portugal 'n prominente rol in daardie streek gespeel. Trouens, daar kan gesê word dat Portugal 'n Afrika-mag was… Portugese soewereiniteit in Angola en Mosambiek het 'n prominente rol in Suid-Afrika se verdediging- en buitelandse strategieë gespeel. Pretoria en die Portugese koloniale owerhede het ook op verskeie ander vlakke saamgewerk. Hulle het 'n aantal gesamentlike projekte aangepak, soos die hidro-elektriese projekte op die Kunene in Angola en by Cahora Bassa in Mosambiek. Die projekte in hierdie twee lande sou, indien dit nie trouens die implisiete bedoeling was nie, gelei het tot 'n nouer integrasie van hierdie ekonomieë met dié van Suid-Afrika. Hulle het ook gesamentlike veiligheidsoperasies uitgevoer, saam met Rhodesië, om die aktiwiteite van anti-koloniale en anti-apartheid nasionaliste regoor die Suider-Afrikaanse streek te probeer stuit. Suid-Afrika het beslis minder geïsoleer gevoel terwyl Portugal ook deur die VN-resolusies veroordeel is. Lisabon se hardnekkige verwerping van die 'wind van verandering' het blykbaar Suid-Afrika se eie geloof in die permanente blanke minderheidsbewind in Afrika versterk.

Gevolglik het die April-staatsgreep 'n gevaarlike vakuum in Suid-Afrika se strategiese visie geskep wat, onder andere, sy isolasie moontlik versterk het en beslis gelei het tot 'n heraanpassing van sy verdedigingstrategie in Suider-Afrika. Verder, soos die ontwikkelinge in Portugal en Angola dit duidelik gemaak het dat soewereiniteit hewig betwis is, het dit geblyk dat Lisabon nie meer gesag uitgeoefen het nie. Hierdie afwesigheid van gesag het moontlik bygedra daartoe dat Suid-Afrikaanse beleidmakers geglo het dat ingryping 'n haalbare opsie was. As Portugal sy gesag streng tot 11 November afgedwing het, sou die Suid-Afrikaanse inval in Angola moontlik glad nie deur Pretoria oorweeg geword het nie.

[Bron: http:etheses.lse.uk. Toegang verkry op 18 Oktober 2024]

**VRAAG 3: HOE HET DIE NASHVILLE SITSTAKING PROTESAKSIE DIE LEWENS VAN GEWONE AFRO-AMERIKANER STUDENTE IN DIE VSA IN DIE 1960's BEÏNVLOED?**

**BRON: 3A**

Die onderstaande uittreksel is geneem uit 'n artikel getiteld '*Black Past' on Nashville Sit-ins (1960*) gepubliseer deur Samuel Momodou op 3 Augustus 2016. Dit verduidelik hoe die studente in Nashville die sitstaking protes in Nashville,Tennessee in die 1960's georganiseer het.

Die Nashville-sitstakings was van die vroegste nie-gewelddadige direkte-aksie-veldtogte wat op rassesegregasie in die Suide in die 1960's gemik was. Die sitstakings, wat van 13 Februarie tot 10 Mei 1960 geduur het, het gepoog om die middestadse middag eettoonbanke in Nashville, Tennessee, te desegregeer. Die betogings is gekoördineer deur die Nashville Studente Beweging en die Nashville Christelike Leierskapraad (NCLC), wat hoofsaaklik uit studente van Fisk Universiteit bestaan het. Diane Nash en John Lewis, wat albei studente by Fisk Universiteit was, het as die belangrikste leiers van die plaaslike beweging na vore getree.

Op 13 Februarie 1960, twaalf dae nadat die Greensboro-sitstakings in Noord-Carolina begin het, het Nashville-kollege studente om 12:40 nm. Kress (nou K-Mart), Woolworths en McClellan-winkels binnegegaan. Nadat hulle hul aankope gedoen het, het die studente by die middagete-toonbanke gaan sit. Winkeleienaars het aanvanklik geweier om die studente te bedien en het die toonbanke gesluit, en beweer dat dit hul 'morele reg' was om te bepaal wie hulle sou bedien en wie nie. Die studente het die sitstakings vir die volgende drie maande voortgesit.

Die eerste gewelddadige reaksie op die betoging het op 27 Februarie gekom, wat James Lawson Jr., nog 'n protesleier, 'Groot Saterdag' genoem het. Die betogers is daardie dag deur 'n wit groep wat desegregasie teëgestaan het, aangeval. Die polisie het een en tagtig betogers gearresteer, maar nie een van die aanvallers nie. Die gearresteerdes is skuldig bevind aan wanordelike gedrag. Hulle het almal besluit om tronkstraf uit te dien eerder as om boetes te betaal.

[Bron: http://www.blackpast.org/african-american-history/nasgvill-sit-ins-1960. Toegang verkry op 21 Oktober 2024]

**BRON 3B**

Die onderstaande artikel, *Negro Sit-ins Resumed Here* is geskryf deur David Halberstam, vir *The Tennessean,* ’n plaaslike koerant in Nashville gepubliseer op 27 Maart 1960. Dit vang die Nashville sitstaking op 26 Maart 1960 vas.

Nashville se *Negers het gister die middestad ingestroom en hul betogings teen gesegregeerde eetplekke hervat met sitstaking-demonstrasies by nege restaurante.

Een vir een het die winkels hul toonbanke gesluit terwyl ongeveer 120 Negers gaan sit het. Die demonstrasies, wat ’n einde gemaak het aan ’n drie-week lange wapenstilstand (vrede), was relatief vreedsaam.

Dit het gelyk asof hulle ’n veranderde beleid van beide die polisie en handelaars teëgekom het. Slegs vier Negers is gearresteer. Slegs een kort voorval van geweld is aangemeld.

Die enigste Negers wat bedien is, was ’n paar ligkleurige studente wat deur ’n kelnerin by Harveys as blankes aangesien is.

Die demonstrasies wat ongeveer 2 nm. begin het, nadat die jeug ’n inligtingsessie by die Eerste Baptistekerk, 319 Agste Laan N., bygewoon het, en tot ongeveer 4:30 nm. geduur het, het die volgende plekke besoek: Woolworths, McClellan’s, Kress, Walgreen’s, Harveys, Trailways Terminal, Cain-Sloan en Moon-McGrath.

Net by Moon-McGrath het die Negers in konflik met die wet gekom. Daar, by die Unionstraat-apteekwinkel, wat min van die protesdemonstrasies gesien het, is vier studente gearresteer omdat hulle by die toonbank gesit het.

Hulle is aangekla van wanordelike gedrag en op $50 borgtog vrygelaat. Die vier was: Mej. Jean Flemming, 20, Fisk; John Robert Lewis, 20, American Baptist Seminary; Dennis Foote, 22, A&I; en O.D. Hunt, 20, A&I.

Maar andersins het die Negers beter polisiebeskerming ontvang as tydens vorige sitstakings toe hulle deur groepe wit kappers (moeilikheidmakers) gebyt en geteister is.

Die kappers (moeilikheidmakers) was gister in die stad en het in groepe van vier en vyf saamgehang. Maar stadspolisiemanne en speurders was in elke winkel, het die wit mense uit die gange verwyder en het verhoed dat hulle saamdrom.

In een geval, het geweld vinnig toegeslaan. ’n Wit student het Garnet Bond, ’n Neger betoger, van agter aangeval toe Bond by die Grant se toonbank gesit het en hom geslaan het.

[Bron: *The Tennessian newspaper, 26 Maart 1960*. Toegang verkry op 24 Oktober 2024]

*Negers – ’n beledigende naam wat verwys na Afro-Amerikaners wat afkomstig was van Afrika en gewelddadig verwyder is uit Afrika om slawe in Amerika te wees.

**BRON 3C**

Die onderstaande uittreksel is uit die artikel *Sit-ins, The Student Report, 1960: Nashville: A Community Struggle* geskryf deur P. Laprad vir Fisk Universiteit en gepubliseer in Mei 1960.

Ons was nie bereid om "geïntegreerde fasiliteite" te aanvaar terwyl daar steeds "slegs vir blankes" toonbanke gehandhaaf is nie.

Die betogings is op 11 April hervat.

'n Laaste nota moet bygevoeg word oor die impak van die sitstakings hier. Dit het die *Neger gemeenskap op 'n ongekende wyse verenig. Die boikot het bewys dat dit effektief was om seisoenale besigheid in die verskeidenheidswinkels skerp in te perk. Op 19 April, net 'n paar uur ná die bomaanval op Looby se huis, het meer as 2 500 betogers na die Stadsaal gemarsjeer. Volwasse leiers het ons verseker dat, selfs al verdwyn die studente skielik van die toneel, die aksieveldtog onverpoosd (sonder vermindering in sterkte) voort sal gaan. In Nashville is dit nie net die studente se stryd nie.

Ek kon nie afsluit sonder verwysing na die akademiese vryheidstryd rondom Jim Lawson nie, een van die drie Neger studente wat by Vanderbilt Divinity School studeer. Hy is op 3 Maart geskors weens sy "sterk toewyding tot 'n beplande veldtog van burgerlike ongehoorsaamheid". Hy het nie eintlik aan die sitstakings deelgeneem nie, maar hy was ons adviseur en raadgewer deurentyd.

Sy skorsing het 'n storm van betogings ontketen, nie net in Nashville nie, maar ook in akademiese en geestelike kringe van kus tot kus.

[Bron: https;//www.crmnet.org. Toegang verkry op 26 Oktober 2024]

*Neger – 'n beledigende naam wat verwys na Afro-Amerikaners wat afkomstig was van Afrika en gewelddadig verwyder is uit Afrika om slawe in Amerika te wees.

© SACAI KOPIEREG 

**BRON 3D**

Die onderstaande foto is geneem op 25 Maart, 1960 deur J.G. Ellis en is gepubliseer in *The Tennessean* koerant op 26 Maart, 1960. Dit wys R. Powell wat praat met ander sitstakers by Walgreen's apteek in Nashville.




[Bron: *The Tennessean newspaper, 26 Maart 1960*. Toegang verkry op 3 November 2024]

**FONTEIN GESLUIT**

**IN**

**BELANG VAN PUBLIEKE VEILIGHEID**

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:


- Fenby, J. 2008, The Inside Story of How Roosevelt, Stalin and Churchill won one war and began another (London Free Press)
- http://www.bbc.co.uk>revision
- http://www.blackpast.org/African-american-history/nasqvill-sit-ins-1960
- http://www.cvce/eu/obj/the-cold-war,1945-1989.fulltext
- http://www.gettyimages.com/detail/news-photo/man-stands-beside-one-of-the-portuguese-colonial-statues-news-photo/1778243435
- http://www.blackpast.org/african-american-history/nasgvill-sit-ins-1960
- http: etheses.lse.uk
- https://www.crmnet.org
- Meredith, M. 1985. The First Dance of Freedom: Black Africa in the Post-War Era (Abacus, UK).
- *The Evening Star*, 20 Februarie 1955.
- *The Tennessean Newspaper*, 26 Maart 1960.